# KINDERKERK LES: Boelie

**Doel van les:**

In hierdie les gaan ons bietjie kyk wat 'n boelie is.

**Illustrasie: Die twee appels**

Koop twee appels. Maak seker dat albei omtrent dieselfde lyk, maar een moet effens kleiner wees en nie so blink nie.

Wys die twee appels vir die kinders en vra vir hulle om vir jou te sê hoe lyk die appels dieselfde (ooreenkomste) en hoe lyk hulle anders van mekaar. (So jou appels moet omtrent dieselfde lyk, behalwe dat een bietjie groter en blinker is.)

Neem nou die appel wat bietjie kleiner is en sê: "Sies! Hierdie appel lyk aardig." Terwyl jy dit sê, laat val die appel. (Laat die appel so val dat dit nie buitekant skade opdoen nie. Jy wil dit nie in stukke hê nie.)

Tel die appel op en wys dit vir 'n leier terwyl jy vra: "Dink jy nie hierdie appel is sommer simpel nie. Jy moet ook iets leliks vir die simpel appel sê (laat die appel weer val). Laat die leier iets leliks vir die appel sê, dit laat val en dan aangee vir kind langsaan. Die kind moet dan iets leliks vir die appel sê en dit laat val, optel en aangee vir die volgende kind. Laat dit so aangaan totdat elkeen iets leliks virdie appel gesê het en dit laat val het. (Die belangrik dat die kinders die appel nie so hard laat val dat dit buitekant stukkend is nie.)

(Voorbeelde kan wees: Jy is seker vol wurms, jy is te klein, jy is 'n lelike rooi ens.)

Kry die appel terug by die laaste kind en hou altwee die appels weer op vir die kinders om daarna te kyk. Vra vir hulle om weer te kyk hoe die appels dieselfde ly en wat anders is. (Dit behoort steeds dieselfde te klink. Nie veel verskil nie behalwe vir kleur en grootte.)

**Vra:** "Wie van julle wil 'n stukkie appel hê?"

Kry 'n mes en bord en begin eerste die blink appel wat nie laat val is nie, oop te sny. Wys vir die kinders dat dit mooi aan die binnekant lyk.

Sny dan die tweede appel, wat laat val is, oop. Van al die laat val, behoort dit bruin en gekneus aan die binnekant te lyk. Wys dit vir die kinders. Vra: "Wie wil 'n stukkie van hierdie appel hê?"

Niemand behoort van die appel te wil hê nie.

**Vra:** "Maar het ons almal nie eintlik gemaak dat die appel so lyk nie? Ons het dit aan die appel gedoen. Hoekom moet ons hom dan nie eet nie?"

Wie van julle weet wat dit beteken as iemand geboelie word? Wanneer iemand jou boelie kan hulle dalk elke dag hierdie dinge doen:

**Video clips:** wat jy kan gebruik om jou te help

https://youtu.be/XVnY8qPbP1U

https://youtu.be/---E_YtatRU

https://youtu.be/yshcovw-leU

- Jou lelike name noem;
- Stories opmaak om jou in die moeilikheid te kry;
- Slaan, knyp, byt, stamp en stoot;
- Iets uit jou hande wegvat;
- Dit wat aan jou behoort stukkend gooi;
- Jou geld vat;
- Jou vriende van jou wegvat;
- Lelike dinge van jou sê vir ander mense;
- Dinge vir jou sê wat jou bang laat voel.

Dink julle nie dat ons vanaand hierdie appel "geboelie" het nie? Wanneer ons lelike dinge vir mense sê soos ons wil nie meer hul maatjie wees nie of dat hulle lelik of vet is, hulle seermaak dalk met ons vuiste of skop, doen ons presies dit wat ons aan hierdie appel gedoen het. Ons maak hulle seer aan die binnekant, daar waar niemand kan sien nie. Waar iemand geslaan is aan die buitekant, gaan die bloukol of stukkende plek later weg, maar die einas aan die binnekant gaan nie sommer weg nie en dit raak baiekeer net erger en erger. Wys weer die gekneusde appel dat almal dit kan sien: "Dis wat ons doen aan ander wanneer ons boelie met ons vuiste of met ons woorde."

Miskien word hierdie dinge aan julle gedoen.

**Speletjie: Vrees kinders:** Gee vir twee kinders elkeen 'n sak met balle wat uit koerantpapier gemaak is. Omtrent so 20 balle vir elke kind. Hierdie twee kinders is die boelies.

Laat die ander kinders teen die muur staan aan die een kant van die vertrek behalwe die twee met die koerantpapier balle. Die kinders moet van die een kant van die vertrek na die ander kant kom sonder om deur 'n bal raakgegooi te word. Die twee "vrees kinders" word geblinddoek en staan in die middel van die vertrek.

**Sê:** Julle gaan nou drie-drie probeer om verby die boelies te kom sonder om deur 'n bal raakgegooi te word. Julle kan hardloop of op julle tone probeer verbykom. Leiers moet elke keer die balle bymekaarmaak en dan terug in die boelies se sakke sit.

Enige kind wat deur 'n bal getref word, moet terug na die beginpunt.

Nadat almal deur is of 'n beurt gehad het, laat hulle in hulle groepies gaan sit.

**Vra:** Hoekom dink julle het ons blinddoeke vir die "boelies" aangesit? Boelies is blind. Hulle het nie God se lig terwyl hulle ander boelie nie.

Wat was vir julle die beste manier om verby die "boelie" te kom? Om net vinnig te hardloop al maak jy baie geraas of om so stil soos 'n muis te probeer verbykom? (Laat die kinders gesels oor wat reg vir hulle was. Die antwoorde sal afhang van die kinders se persoonlikhede.)

Boelies het 'n manier om ons in ons spore te stop net soos daai balle gemaak het. Ons raak dalk vreeslik bang wanneer ons die boelie sien aankom en ons weet nie of ons moet hardloop of net stilbly en hoop hulle sien ons nie. Wat moet ons dan maak as ons geboelie word?

- Dis baie belangrik om iemand te vertel. Jy mag dalk nie wil nie, maar as jy nie vir mamma, pappa, ouma, juffrou of iemand wat jy kan vertrou vertel nie, mag dit dalk nie ophou nie.
- Probeer om veilig te wees by die skool deur altyd mense rondom jou te hê.
- As jy sien iemand word geboelie by jou skool, vertel juffrou of meneer daarvan. Moenie moeilikheid maak met die boelies nie, vertel sonder dat hulle dit sien. Kinders wat geboelie word, het vriende nodig so as jy kan help, maak so.

**<u>Toepassing:</u>**

Weet julle dat ons ook van boelies in die Bybel lees? Ja, selfs in die Bybel se tyd was daar boelies gewees. Wie van julle ken die stories van Daniël en sy drie vriende in die Bybel?

Die mense was so jaloers op hulle gewees dat hulle aan maniere gedink het om hulle seer te maak. Daniël se drie vriende het in 'n vuuroond beland omdat hulle nie voor die koning se beeld wou buig nie, en NET voor God wou buig.

Daniël self is in 'n leeukuil gegooi omdat hy geweier het om op te hou bid, net omdat die boelies hom in die moeilikheid wou bring.

Wie van julle weet wat met Daniël en sy drie vriende gebeur het? Hulle het nie gedoen wat die boelies wou hê hulle moes doen nie, maar aangehou om God te aanbid.

En God het hulle veilig gehou omdat hulle op Hom vertrou het. 'n Engel het Daniël se drie vriende in die vuuroond beskerm, en 'n engel het die leeus se bekke toegebind dat hulle Daniël kon seermaak nie.

So kan ons ook vir God vra om ONS te beskerm teen die boelies wat probeer om ons seer te maak, sodat ons binnekant nie sal bruin raak soos die appel s'n nie.

Kom ons probeer om altyd mooi vrugte te dra soos daardie mooi boom waarmee ons die aand begin het.

Sluit af met gebed waar spesifiek gebid word vir boelies.